KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

MUNISIPALE NUUSBRIEF/ INLIGTINGSBRIEF
MAART 2014

WERKLOOSHEIDS-DATABASIS

Hiermee word alle werklose persone aangemoedig om u name te gaan opgee by die onderskeie dorpe se CDW's sodat u op die databasis vir werklose mense gevoeg kan word. Die Munisipaliteit kry van tyd tot tyd projekte en wil elke werklose persoon 'n regverdige geleentheid gee om te kan kwalifiseer vir werk tydens die projekte.

AANSOEK VIR SUBSIDIES

Om uit te vind of u kwalifiseer vir subsidies vanaf die Munisipaliteit, moet u asseblief u munisipale kantore besoek om aansoek te doen.

VERSKAFFERSDATABASIS

Indien u dienste lewer of enige produkte verkoop wat moontlik deur die munisipaliteit benut kan word, moet u asseblief by die munisipale kantore registreer as 'n verskaffer. Die munisipaliteit kan ongelukkig nie van u dienste gebruik maak as u nie 'n geregistreerde verskaffer is nie.

HUISWINKELS / SPAZA'S

Daar het reeds in Desember 2013 kennisgewings uitgegaan om inwoners in kennis te stel van die regulasies rondom huiswinkels. Indien u 'n winkel van die huis af wil bedryf moet u asseblief die nodige aansoekvorms voltooi en die aansoekfooi betaal. Ongelukkig sal alle huiswinkels besoek moet word om te verseker of die regulasies nagekom word. Hierdie nakoming van wetgewing is in alle inwoners se beste belang om te verseker dat u nie produkte koop wat u gesondheid kan beinvloed nie.

OPTOGTE

Alvorens enige optogte gehou mag word, moet u die nodige aansoek vorms aanvra en voltooi en 10 dae voor die optog indien by die Munisipale Bestuurder vir goedkeuring.

PLAKKATE VIR VERKIESINGSTYDPERK

Hiermee word alle politieke partye versoek om aansoek te doen alvorens plakkate opgerig word omdat daar sekere reëls is ten opsigte van die plekke waar plak-

WATERUITSLAE : JANUARIE 2014

WILLISTON

	Uitslag	Standaard
E.coli :	<1	(0)
PH:	8.3	(5.0 - 9.7)
Chloride:	71	(0 - 300 mg/L)
Conductivity:	71	(0 - 170 mS/m)
Nitrates Plus Nitrites:	<0.05	(0 - 11 mg/L)
Turbidity :	1	(0 - 5 NTU)
Total Dissolved solids:	587	(0 - 1200 mg/L)
Sulphates:	54	(0 - 250 mg/L)
Fluoride:	0.4	(0 - 1.5 mg/L)

FRASERBURG

	Uitslag	Standaard
E.coli :	<1	(0)
PH:	7.6	(5.0 - 9.7)
Chloride:	82	(0 - 300 mg/L)
Conductivity:	99	(0 - 170 mS/m)
Nitrates Plus Nitrites:	2.3	(0 - 11 mg/L)
Turbidity :	0	(0 - 5 NTU)
Total Dissolved solids:	817	(0 - 1200 mg/L)
Sulphates:	108	(0 - 250 mg/L)
Fluoride:	0.9	(0 - 1.5 mg/L)

SUTHERLAND

	Uitslag	Standaard
E.coli :	<1	(0)
PH:	7.8	(5.0 - 9.7)
Chloride:	11	(0 - 300 mg/L)
Conductivity:	105	(0 - 170 mS/m)
Nitrates Plus Nitrites:	<0.05	(0 - 11 mg/L)
Turbidity :	0	(0 - 5 NTU)
Total Dissolved solids:	868	(0 - 1200 mg/L)
Sulphates:	73	(0 - 250 mg/L)
Fluoride:	0.8	(0 - 1.5 mg/L)

Die water van Williston, Sutherland en Fraserburg word maandeliks getoets by verskillende punte in die dorpe en word ook deurlopend gemonitor. Die gemeenskap sal in die toekoms op hoogte gehou word van die wateruitslae. Die bogenoemde uitslae dui daarop dat water geskik is vir gebruik.

KONTAKBESONDERHEDE

Privaatsak X03
WILLISTON
8920

Sutherland: TEL. 023 57 11 020
Fraserburg: TEL. 023 74 11 012

Williston: TEL. 053 3913 003
FAKS: 053 3913 294
E-mail: karooadmin@telkomsa.net

VERSOEKE AAN DIE GEMEENSKAP

ROMMELSTROOIING

Daar word 'n ernstige beroep op alle inwoners gedoen om nie Rommel te strooi nie. Munisipale werkers kan nie voorbly om heeltyd rommel op te tel nie en die gemeenskap moet asseblief hul vullisdromme gebruik om die dorp skoon te hou.

PLUNDER EN BETREDING VAN EIENDOM

Soos u weet is dit nou al vir 'n geruime tyd dat kinders en lede van die gemeenskap eiendom onwettig betree en sekere eiendomme plunder en afbreek. Die hele gemeenskap lei hieronder. U word dringend versoek om alle name van persone wat u merk die plunderwerk doen en eiendomme onwettig betree se name by die plaaslike SAPD te gaan opgee sodat daar opgetree kan word.

NOODNOMMER: 10177

RONDLOPERHONDE

Rondloperhonde bly 'n deurlopende probleem. Alle honde eienaars moet aanspreeklikheid aanvaar om te verseker dat hul diere binne hul eiendomme bly en versorg is.

VAKANTE ERWE

Die Munisipaliteit is nou al 'n geruime tyd besig om 'n opname te maak van al sy vakante erwe. Die Raad het besluit om die erwe nou per tender te adverteer. U word solank vroegtydig in kennis gestel om die Noordwester dop te hou indien u sou belangstel.

GEBRUIK VAN WATER

'n Beroep word op alle inwoners gedoen om water spaarsamig te gebruik wanneer die krag af is omdat water dan nie gepomp kan word nie.

STRAATLIGTE

U word versoek om asseblief alle persone wat straatligte uitgooi se name te rapporteer by die munsipale kantore.

TUINVULLIS KAMPIES

U word weereens daaraan herinner dat hierdie kampies slegs vir tuinvullis gebruik moet word en nie vir huishoudelike vullis nie.

AANSTELLING : MUNISIPALE BESTUURDER

Die Munisipale Bestuurderspos is gedurende Junie 2013 adverteer en Mnr GW Von Möllendorf van Danielskuil is as Munisipale Bestuurder aangestel. Hy het op 4 November 2013 amptelik diens aanvaar. Hy het reeds vele vergaderings bygewoon en is baie betrokke in die gemeenskap.

KANTOOR URE :PUBLIEK

Dit blyk dat daar steeds inwoners is wat nie kennis dra van die munisipaliteit se nuwe kantoor ure soos Desember 2013 in die Noordwester adverteer en per kennisgewing aan inwoners uitgegee nie. Hiermee die nuwe kantoor/kontantsaal ure:

MAANDAE—DONDERDAE:

08:00 - 13:00 & 13:45 - 16:15

VRYDAE:

08:00 - 13:00 & 13:45 - 15:00

ALGEMENE BROKKIES

VOLGENDE ALGEMENE RAADSVERGADERING

27 Maart 2014, 09:00, Williston Raadsaal

- Daar het in November 2013 'n kennisgewing aan alle inwoners uitgegaan rakende die vestiging van huiswinkels/spazas asook rakende die oprig van geboue en aanbouings. U word versoek om die nodige aansoekvorms te voltooi by die Munisipaliteit indien u enige van bogenoemde beplan. Ons versoek u ook asseblief om onwettige strukture aan te meld by u munisipale kantore.
- Stuur asseblief enige klagtes of versoeke na **karooadmin@telkomsa.net**